

**WENKE VIR PLEKAANWYSERS
 OOR HOE OM MENSE
 MET GESTREMDHEDE TE HELP**



Die volgende punte sal veral plekaanwysers in kerke in staat stel om mense met gestremdhede op 'n respektvolle wyse te help.

Sien ook die dokument getiteld [KERK VIR ALMAL](#), afdeling 4.4 vir meer inligting oor interaksie met mense met gestremdhede.

VOORKEUR OPTREDE	VERMY HIERDIE OPTREDE
<p><i>Algemeen</i></p> <p>Behandel iemand met 'n gestremdheid net soos jy met enige ander persoon sal omgaan.</p> <p>Praat altyd direk met 'n persoon met 'n gestremdheid.</p> <p>Vra altyd die persoon met 'n gestremdheid of jy hom/haar met enige iets kan help. Indien die antwoorde 'nee' is aanvaar dit so.</p> <p>Laat mense met gestremdhede by hulle familie of vriende sit, indien moontlik.</p> <p>Probeer om bedag te wees op onsigbare gestremdhede soos epilepsie of Alzheimersiekte, want diesulkes sal ook hulp benodig.</p> <p>Neem niks sondermeer aan nie - vra altyd!</p>	<p>Moenie negatiewe terme soos "gebreeklike", of "vertraagde" persoon gebruik nie.</p> <p>Moenie 'n metgesel of 'n assistent as 'n tussenganger tydens gesprekvoering beskou nie. Praat direk met die gestremde persoon.</p>

VOORKEUR OPTREDE	VERMY HIERDIE OPTREDE
<p><i>Visuele Gestremdheid</i></p> <p>Sê jou naam en dat jy 'n plekaanwyser is.</p> <p>Laat 'n visuele gestremde persoon aan jou arm vashou terwyl jy hom/haar na die sitplek toe lei.</p> <p>Verduidelik aan 'n visueelgestremde persoon waar dinge is om hom/haar te orienteer tot sy omgewing.</p> <p>Maak seker dat gesange/liedere in grootdruk beskikbaar is.</p> <p>Voorsien genoeg ruimte vir 'n gidshond om langs, of by sy eenaar se voete te kan lê, deur bv. 'n stoel uit te skuif.</p>	<p>Moenie 'n visueelgestremde persoon voor jou uit stoot nie – laat hom jou volg deur aan jou arm vas te hou.</p>
<p><i>Doofheid en Gehoorverlies</i></p> <p>Verseker dat jou gesig en mond duidelik sigbaar is.</p> <p>Kyk direk na die persoon en praat op normale spoed met duidelike (nie oordrewe) lippatrone.</p>	<p>Moenie jou gesig verberg wanneer jy met die persoon kommunikeer nie.</p> <p>Moenie oordryf of skreeu nie.</p> <p>Moenie direk in die persoon se oor praat nie.</p>
<p><i>Spraakbelemmering</i></p> <p>Gee jou volle, onverdeelde aandag met goeie oogkontak.</p> <p>Die persoon met 'n spraakgebrek mag 'n ander kommunikasiemetode, soos skrif, gebruik; hou dus 'n pen en papier byderhand.</p>	<p>Moenie 'n sin of 'n woord vir die persoon voltooi nie.</p> <p>Moenie gespanne of ongeduldig word nie.</p>
<p><i>Mobiliteitsinkorting</i></p> <p>Vra altyd 'n rolstoelgebruiker of hy/sy hulp nodig het, voordat jy help.</p> <p>Probeer om langs die persoon wat in die rolstoel is, te sit wanneer jy met hom/haar praat, om oogkontak te vergemaklik.</p>	<p>Moenie 'n persoon in 'n rolstoel stoot nie, tensy hy/sy jou vra om te help.</p> <p>Moenie aan 'n persoon se rolstoel vashou, of daarteen leun nie. Die rolstoel vorm deel van sy/haar persoonlike ruimte.</p>

VOORKEUR OPTREDE	VERMY HIERDIE OPTREDE
Voorsien sitplekke naby die ingang vir mense met mobiliteitsprobleme, sodat hulle nie ver hoef te loop nie.	
<p><i>Intellektuele Gestremdheid</i></p> <p>Wees geduldig; gee mense met leer- of intellektuele gestremdheid genoeg tyd.</p>	<p>Moenie sommer net aanvaar dat 'n persoon jou nie kan verstaan nie.</p> <p>Moenie mense uit die hoogte behandel, of kinderlike taal gebruik nie.</p>

Verwerk uit *Through the Roof* www.throughtheroof.org